# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (42/15)*

justchad_cga

*Justin Chadwick 7 November 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "The trees that are slow to grow bear the best fruit" Moliere***

## BESTUUR - SITRUS-AANPLANTINGS DVD

Die Citrus Academy het hierdie week hul nuutste uitgawe in hul reeks van audio-visuele studie-materiaal vrygestel. Die "Planting Management" DVD bevat vyf modules, wat 'n inleiding tot bestuur van aanplantings, sitrustipes en kultivars, boord-uitleg en -beplanning, vestiging van boorde en rekordhouding van boorde insluit. Die modules is gerig op produsente, produksiebestuurders, werkers en voorligtingsbeamptes, in werklikheid almal wat betrokke is by beplanning, voorbereiding en vestiging van nuwe produksie-eenhede. Kontak asb vir Sive by die Citrus Academy by (031) 765-3410 of sive@citrusacademy.org.za vir jou gratis kopie van die DVD. Die uittreksels sal ook op die Citrus Academy YouTube kanaal gelaai word.

## EINDBESTEMMING VAN SUIDELIKE HALFROND VRUGTE UITVOERE

By die "Southern Hemisphere Association of Fresh Fruit Exporters (SHAFFE)" se vergadering in Atlanta, VSA, het die sekretariaat 'n tabel (onder) voorberei van vrugte-uitvoere vanaf die SHAFFE lande (Argentinië, Australië, Chile, Peru, Suid-Afrika, Nieu-Seeland, Brasilië en Uruguay). Die Europese Unie (EU) bly die voorste invoerder van suidelike halfrond vrugte met 33% markaandeel; maar die volume wat na die EU verskeep is, het sedert 2005 met 18% afgeneem. Die VSA is ook 'n dominante invoerder (veral vanaf Suid-Amerikaanse lande) met 'n 15% markaandeel – alhoewel die volume hier ook afgeneem het. Invoere na Rusland het met 17% afgeneem, met 'n groot daling wat in 2014 weens ekonomiese redes aangeteken is. Die ander land wat 'n afname gerapporteer het, was Japan. China is die leier van die lande wat 'n betekenisvolle toename in invoere getoon het. China het sewe maal meer vrugte van die suidelike halfrond ingevoer as wat dit in 2005 gedoen het. Hong Kong het ook substansieel gegroei. In die Midde-Ooste het Saoedi-Arabië en die Verenigde Arabiese Emirate het ook hul aptyt vir vrugte van die suidelike halfrond verhoog. Brasilië het meer van sy suidelike halfrond bure ingevoer. Anders as sy buurman, het Kanadese invoere vanaf die suidelike halfrond ook toegeneem.

| | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 | Trends 2005-2014 | Share in 2014 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **EU-28** | 3,250,647 | 3,350,954 | 3,033,669 | 2,867,799 | 2,808,338 | 2,678,699 | 2,983,690 | 2,660,160 | -18% | 33% |
| **VSA** | 1,203,928 | 1,103,622 | 1,175,970 | 1,144,550 | 1,192,011 | 1,116,734 | 1,209,041 | 1,171,094 | -3% | 15% |
| **Rusland** | 612,601 | 673,391 | 523,323 | 610,841 | 647,510 | 554,571 | 614,444 | 508,387 | -17% | 6% |
| **China** | 39,902 | 53,590 | 61,412 | 69,217 | 121,103 | 197,264 | 294,628 | 327,757 | 721% | 4% |
| **Brasilië** | 260,908 | 241,704 | 276,008 | 317,564 | 357,096 | 335,266 | 349,819 | 324,200 | 24% | 4% |
| **VAE** | 188,516 | 204,028 | 331,117 | 243,994 | 226,194 | 265,833 | 298,277 | 303,137 | 61% | 4% |
| **Hong Kong** | 189,579 | 170,531 | 243,249 | 205,605 | 266,244 | 247,141 | 187,884 | 263,477 | 39% | 3% |
| **Japan** | 211,578 | 188,503 | 235,120 | 180,864 | 208,777 | 205,539 | 205,147 | 201,340 | -5% | 3% |
| **Saoedi-Arabië** | 168,652 | 166,559 | 164,959 | 203,682 | 212,481 | 214,358 | 216,799 | 185,069 | 10% | 2% |
| **Kanada** | 141,019 | 129,869 | 123,425 | 144,793 | 159,987 | 161,631 | 191,899 | 184,486 | 31% | 2% |
| **Ander** | 1,232,027 | 1,226,654 | 1,362,479 | 1,385,522 | 1,552,575 | 2,084,146 | 1,796,339 | 1,856,945 | 51% | 23% |
| **Totaal:** | **7,499,358** | **7,509,405** | **7,530,731** | **7,374,431** | **7,752,318** | **8,061,182** | **8,347,967** | **7,986,052** | **6%** | **100%** |

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 44 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 18.2 m | 15.6 m | 16.1 m | 14.9 m | 16 m | 15.3 m | 16.1 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 8.4 m | 10 m | 10 m | 9.6 m | 10 m | 10 m | 10 m | 10 m |
| Suurlemoene | 10.6 m | 13.2 m | 15 m | 12.9 m | 14.7 m | 13.6 m | 15 m | 13.2 m |
| Nawels | 25.4 m | 26 m | 24.5 m | 26 m | 24.5 m | 25.1 m | 24.5 m | 26 m |
| Valencias | 51.2 m | 50.7 m | 52.5 m | 47.7 m | 50.4 m | 49.1 m | 52.5 m | 50.9 m |
| Totaal | 113.8 m | 115.5 m | 118.1 m | 111.1 m | 115.6 m | 113.1 m | 118.1 m | 115.7 m |